Deur Alita Vorster
Foto's: Christo Harvey

# Janetta kyk met haar *hart*

In haar nuutste digbundel, *Sien*, beskryf Saphira, oftewel Janetta Kannenberg, haar lewensreis só: "Ek is gebore, wes van Johannesburg. Ek is nou, oos van Pretoria, soos die kraai vlieg, twee-en-vyftig jaar. Maar mense is nie kraaie nie, ons kom grondlangs …"







Om prentjies met woorde te skep, verg 'n spesiale talent. Nie almal kry dit reg nie. Maar om prentjies te skep as jy self nie kan sien nie, is merkwaardig.

Janetta Kannenberg is met hierdie besonderse gawe geseën. Wat haar verhaal so spesiaal maak, is dat sy vir geen oomblik toelaat dat daar 'n ophef oor haar siggestremdheid gemaak word nie. "Nee, fokus in jou artikel eerder op die manier waarop ek my gawe met ander mense deel!" vra sy.

## Sien is glo

Kleintyd het sy getrou gebid dat God haar tog net moet laat sien. "As Jesus modder op iemand se oë kon sit en hom só weer kon laat sien, hoekom kan Hy dit nie met my ook doen nie?" wou die klein dogtertjie weet. Sy kry dan so sweer op skool, sy sukkel om te lees, sy weet nie eens hoe haar ma en pa lyk nie. Waarom wou die Here dan nie ook háár gebed verhoor en 'n wonderwerk laat gebeur nie?

"Dit het my lank gevat om by die waarheid uit te kom: die feit dat sien nie deur en met jou oë plaasvind nie. Eintlik het Jesus modder op ons almal se oë gesit … maar ons moenie wag dat Hy dit ook moet afwas nie! God gee vir ons elkeen die skottelfjie water, en dan moet ons self die afwaswerk doen. Om te kan sien-wat-jy-dan-kan-doen, dit ►



is geloof. Die spreekwoord lui nie verniet *Sien is glo!* nie."

## Haar gedigte

Janetta was maar altyddeur bewus van die dinge rondom haar wat sy nie met haar oë kon sien nie, maar tog op 'n ander manier kon beleef. Hierdie belewenisse het gedigte geword - reeds sedert sy nege jaar oud was. "In 'n flitssekonde sien jy 'n groot beeld, 'n spieëlbeeld van jouself in water. Dan duur dit jare om oor daardie sekonde te skryf. Uiteindelik word dit 'n gedig."

Sy het al tien digbundels die lig laat sien, waarvan agt kleiner in omvang is, maar dan ook twee waarin sy, benewens die verse self, ook 'n verklaring vir elk daarvan verskaf.

Vanwaar *Saphira*? "Dit is 'n samestelling en vervorming van my tweede naam, Sophia, en "saffier". Ek is besonder lief vir saffierblou, want dit is die enigste kleur wat ek werklik kan sien."

Haar gedigte het deur die jare haar oorlewingsgids geword. "Digkuns is my manier om emosies in woorde te omskep, en emosies kan 'n mens in elk geval nie sien nie.

"In hierdie opsig word ek deur my blindheid bevoordeel. Ek beleef geen visuele beoordeling wat kan inmeng met die beelde wat ek skep nie. Of ek kan sien en of ek nié kan sien nie, het niks daarmee uit te waai nie. Wat belangrik is, is hoe ek deur die lewe kom. En hoe ek my menswees ervaar, my vrouwees."

## Haar husse

In 1995 het sy die woord "hus" in een van haar gedigte gebruik. Al wat kind is, wou dadelik by haar weet: Wat is 'n hus? En hoe lyk dit? Sy het toe 'n stuk lap gevat en vir hulle 'n "hus" uitgeknip en aanmekaar gestik. (As die dogter van 'n kleremaker het sy kleintyd al geleer hoe om met 'n naaimasjien te werk!) En Janetta se hus, wat nie oë het nie, het 'n pragtige geskenk geword. 'n Speelding, ja, maar ook 'n herinnering aan 'n merkwaardige vrou.

## Haar huis en haar mense

Dit is verstommend om te sien hoe maklik Janetta oor die weg kom. In die bekendheid van haar huis, maak sy koffie, kook kos, haal ys uit die vrieskas. Alles met die gemak van iemand wat die volle gebruik van haar oë het. Alles ... met minder as een persent sig.

"Om blind te wees is ongerieflik," gee sy toe. "'n Mens is altyd afhanklik van ander mense om by 'n plek te kom. My twee seuns, Hugh en Constant, het my egter deur die jare wonderlik bygestaan. Ek sê altyd hulle is my twee steunpilare."

Tans bly Constant by haar, maar wanneer hy bedags by sy werk is, is dit net sy en Mielie, die kat.

## Dis mooi, nè!



**Was** jy al in 'n mielieland
En stil gestaan op
Vrystaat's sand?
"Dis mooi, nè?"
Hoër as genade
Staan die mielie
langs die boer
In vennootskap
met die Vader
Om 'n sieletjie
te voer.
Soos die blare
om die pitte
Vou sy hande
om te bid.
En die wind kom
waai die holtes
**Waar** hy knieë
in kan sit.
- *Saphira*

## Haar vrouwees

Vir Janetta is haar vroulikheid, en die sensualiteit daarvan, 'n besonderse gawe wat sy graag koester. Sy betreur die feit dat soveel vroue bloot op die uiterlike konsentreer, en dan nalaat om ten volle vrou te wees. Ses jaar gelede het sy begin om die kuns van buikdans te bemeester - "'n wonderlike manier om my sensualiteit uit te leef!

"Ek het oefening nodig gehad en die buikdansery was 'n heerlike uitdaging. Juis omdat dit my aanvanklik bang gemaak het. Omdat ek nie kan sien nie, was dit aan die begin bitter moeilik om die bewegings aan te leer, maar toe ek dit eers snap, het ek die tegniek gou onder die knie gekry.

"Buikdansery is vol natuurlike, soepel bewegings. Vroue het dit reeds in die antieke tyd gedoen, 5 000 jaar voor Christus. Dit is verstommend om te dink daardie vroue het iets geweet wat ons moderne vroue, met die magdom kennis tot ons beskikking, nie weet nie.

"Ongelukkig was daar vroue wat hierdie wonderlike tegnieke misbruik het, en nou wil baie mense niks daarmee te doen hê nie. Ek het dit weer teruggevat ... Dit is ook 'n wonderlike viering van 'n vrou se sensualiteit."

## Haar God

In die loop van ons gesprek kom ek onder die indruk van Janetta se liefde vir God, haar volkome berusting, en haar vreugde in die feit dat dinge vir haar ten goede meegewerk het.

"Ek was nog baie klein toe ek eendag in die veld geloop het. Maar ek kon nie die paadjie huis toe kry nie. Op daardie oomblik het ek besef dat ek nie bang is nie. Ek kan nie sien nie, maar ek weet God sien my, en daarom is alles wel. Dit is die geheim van my lewe. Ek hoef God nie te sien nie, want Hy sien my."

Wanneer Janetta in haar huis sit en buitekant 'n voëltjie hoor roep, inspireer dit haar. "Vir my stuur Hy 'n voëltjie wat ek kan hoor. Vir 'n dowe stuur Hy die sonsopkoms. Vir elkeen van ons stuur Hy iets. Ons moet net leer om met ons hart te luister en te kyk, dan hoor en sien ons dinge soos dit moet wees." ⊡

Lees meer oor Janetta by www.saphira.co.za
Vir navrae en besprekings, kontak haar by 083 759 9991.


**WEN!**

### Wen 'n hus

Vyf lesers kan elk 'n hus ter waarde van R100 wen. Stuur jou naam, adres, telefoonnommer en e-posadres voor 25 Julie 2009 aan: Husse, LIG, Privaatsak X18, Wellington 7654 of stuur 'n e-pos aan ligwedstryd@tydskrifte.co.za - merk die onderwerplyn: **Husse.**